Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS — NET MY BESTE

8 Mei 2026 Uitgawe: 4/2/2026

## UIT DIE KANTOOR

Soos ons almal hierdie week ervaar het, het die koue en nat weer ongelukkig veroorsaak dat sommige van ons rugby- en netbalwedstryde gekanselleer moes word. Ons wil egter graag geluk sê aan die spanne wat wel kon speel en uitstekende uitslae behaal het. Julle harde werk en deursettingsvermoë maak ons trots.

Ons wens ook ons netbalspanne sterkte toe met vanmiddag se wedstryde teen JF wat ingehaal word. Ons vertrou dat dit ‘n goeie en suksesvolle middag sal wees.

**Kultuur:**

Baie dankie aan ons leerders en Pom-poms wat Dinsdagaand by Pretty Gardens deel was van die bekendstelling van die skrywer **Jaco Jacobs** se nuutste boek. Julle deelname en ondersteuning het ons skool op ‘n besondere wyse verteenwoordig.

Geluk ook aan ons senior koor met hul puik optrede Woensdagaand by St Michael's skool. Julle het die skool met trots en waardigheid verteenwoordig. Dit was baie goeie blootstelling voor hul ATKV Applous deelname later hierdie maand.

Die Voortrekkers is ook lekker aktief. Sterkte met hul Gesinsdag wat Saterdag plaasvind. Ons hoop die koue weer skrik julle nie af nie en dat daar sommer ‘n paar mooi visse gevang sal word!

**Akademie:**

Ons is tans besig met die toetweek vir Gr. 4-7 leerders. Weens onvoorsiene omstandighede herinner ons ouers daaraan dat die akademiese toetsweek nou komende Donderdag, 14 Mei ten einde loop. Dit is as gevolg van die Wesgrow-liga teen Trio Primêre Skool wat na Vrydag vervroeg is, soos reeds vroeër die week aan ouers gekommunikeer is. Maak asb seker dat die kinders bewus is van hiedie reëling en dat hul voorberei is vir hul vraestelle.

**Pre-Primêre Gholfdag:**

Klein Tjokkies hou vandag hul jaarlikse gholfdag. Dit is reeds jare lank een van die Kleuterskool se fondsinsamelingsprojekte. Baie dankie aan al die “oud” en “nuwe” Tjokkie-ouers wat hierdie dag ondersteun. Mag julle dit baie geniet.


Sterkte aan al ons spanne met die ander twee ligawedstryde wat ook volgende week plaasvind. Hou asseblief u WhatsApp-groepe dop vir verdere inligting en enige moontlike veranderinge.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 8 Mei: | Kleuterskool Gholfdag |
| 9 Mei: | Voortrekker Gesinsdag |
| 11 Mei: | Rugby- en Netballiga vs Brandwag Primêre Skool |
| 12 Mei: | Skaakliga |
| 14 Mei: | Rugby- en Netballiga vs Bloemfontein Laerskool |
| | Einde van toetsweek |
| 15 Mei: | Wesgrow-liga @ Trio Primêre Skool (slegs senior ouderdomsgroepe) |
| | Mini-Netballiga @ Fichardtpark P/S |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 8 Mei: | Juf. Leandri Kruger (Gr. 2) |
| 11 Mei: | Juf. Karen Marais |
| 12 Mei: | Juf. Marietjie Langenhoven (Musiek) |
| 14 Mei: | Juf. René Greyling (Kleuterskool) |



## MAMMAS WAT BID

Nike

1 JOHANNES 5:4 NLV

[4] want elkeen wat God as Vader het, oorwin die wêreld. Die oorwinning wat die wêreld verower het, is ons geloof.


Die griekse woord vir oorwinning in hierdie vers is "nike" wat verwys na triomf en sukses. Lekker om te weet dat elkeen wat in Jesus glo, is deel van God se wenspan. Dit gee nie om wat die wedstryd mag inhou nie, daar is oorwinning oor die verloorspan: wêreldse waardes en sisteme teenstrydig met God se wil.

Die geheime bestanddeel tot oorwinning is geloof in Jesus. Hierdie geloof, wat die wêreld oorwin, word gekenmerk aan vertroue in God, gehoorsaamheid aan Hom en volharding. Romeine 8:37 verklaar dat gelowiges in alle omstandighede oorwin, deur Christus wat Sy wenspan liefhet!

So trek jou Nike tekkies aan en leef in die oorwinning, wat reeds joune is, deur geloof!

## SNUFFELS



# NG Kerk Langenhovenpark Kermis

8 Mei Vrydag 2026

vanaf 17:00

By NG kerk Langenhovenpark

17 Boerneef straat

- Heerlike vars Jaffels
- Koeke, terte beskuit
- Oulike geskenke vir moedersdag
- Soetgoed vir die jonges
- Kerrie en Rys
- Sosaties en skilpadjies
- Heerlike poeding
- Handwerk tafel
- Pannekoek
- Sop en Vetkoek
- Ingelegte produkte
- Worsbroodjies

En vir die Jongspan

Poppekas, baie speletjies en raaisels, springkasteel en paintball



